**Boodskap vir Sondag 9 Augustus 2020**

Gegroet vanuit die pastorie

Per toeval kry ek 'n YouTube insetsel van die 10 mooiste volksliedere soos gesing voor groot sport geleenthede. Dis lekker om na te luister, opbouend, inspirerend en gee jou maklik hoendervleis as dit so met oorgawe gesing word. Vandag is Vrouedag en ons kan gerus vir alle vroue van alle ouderdom so 'n loflied sing, maar dalk spesiaal ook vir die oumas in hierdie pandemietyd waar meeste van hulle ingegrendel is en nie drukkies en 'n spesiale kuiergeleentheid van familie kan kry nie – altemit is die oumas reeds die langste betrokke by die uitdagende bedryf van vrouwees:

*<u>'n Gediggie oor die vrou wat onmisbaar is</u>*

*Verbeel jou 'n lewe sonder vrouens*
*soos met Adam in die begin*
*dit was selfs vir die Skepper te erg*
*só 'n alleenvolle wêreld sonder lag en traan*
*met net een mens wat soos diere praat*
*niks kon deel van blom en son en vrug in sy Eden*
*so vol alles wat niks vol maak nie*
*hoe leeg was dit dan alles*
*so niks om voor te lewe nie*

- In erediens luister die gemeente na Lied 547 in orrelspel – *Al julle volke, klap julle hande, juig tot eer van God*.

<u>Genesis 1: 26-28</u> //*Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." God het die mens geskep as sy verteen-woordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."*

- In erediens luister die gemeente na Lied 209 in orrelspel – *Heer, met my hele hart*.

<u>Genesis 2:18-25</u> // *Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees. Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie. Toe het die Here God'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om*

*tot 'n vrou en bring haar na die mens toe. Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem." Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word. Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie.*

- In erediens luister die gemeente na gebeds-Lied 266 in orrelspel – *Onse Vader*.

Al ooit gewonder hoekom die Skepper eers die man gemaak het, eerder as eers die vrou? Of sommer net die vrou met die eie vermoë om voort te plant. Daar is in die diereryk voorbeeld waar net die vroulike vorm voorkom en wat kan voortplant, maar nie eintlik andersom nie behalwe waar die spesie eers transformeer van die man- na die vrouvorm om te voortplant. Die skeppingsverhaal word so uitgebeeld dat God gou gesien het dit is nie goed dat die man alleen is nie. Selfs die man het agtergekom hy onvolledig is. Dit wil sê iets moet bykom om die skepping vol te maak, af te rond.

In oorspronklike Hebreeuse teks is die begrip vir dit wat nodig is om by te kom 'tov'. Die begrip beteken omtrent in sy geheel dit wat as mooi beleef kan word, maar met die klem op die innerlike, die karakter. En hoera, daar is dan God se siening van die vrou – sy is **tov!** Tog moet dit ook wyer gelees word dat die vrou met die mooiheid wat sy gekry het, die werklikheid ook beter en dus mooier

moet maak.

Die vrou is nes die man, net anders – ons sou sê meer vroulik. Die oeroue spreuk wat sê as die vyand aangestorm kom, dan kyk die man na die vyand, maar die vrou kyk weer vir die man verduidelik oor nie net die verskil in innerlikheid tussen man en vrou nie, maar ook dat hulle verskillende rolle het.

Dit is ook die man wat sy ouerhuis verlaat en ’n nuwe vesting skep saam met ’n vrou. In so ’n vesting vereenselwig die man en vrou en word ’n gesin geskep onder hulle liefde en onderrig. Beide man en vrou is daarvoor nodig. Tussen man en vrou moet dit só wees dat hulle nie skaam vir mekaar is nie en dit beteken ook een van hart. Dit beteken ook dat hulle mekaar nodig het en mekaar moet help opbou, mekaar bystaan waar die een swakker is en die ander sterker.

Die spitspunt rondom die skepping van die mens is tweeledig. Eerstens is die mens geskep as ’n afskaduwing van die Skepper self en tweedens met ’n baie spesifieke doel waarvoor beide man en vrou nodig is. Die mens verkondig sy Skepper as ’n soort afbeelding van God self, maar kry ook die verantwoordelik om die ruimte waarin hy leef die tuin van God te maak – deesdae sê ons om God se koninkryk te bou. Ons is God se *karakter en gedagtes op aarde wat ’n beperkte ruimte is waarin God nie self volledig kan wees nie.*

Dit alles word ook saamgevat daarin dat Adam en Eva, die ek en jy, die man en vrou, God se verteenwoordigers is en dit moet vertoon hoe die man en vrou mekaar opbou. Die vrou is gemaak met iets wat spesiaal is wat die man nie kan vertoon nie en ook dan dat die man iets vertoon wat die vrou nie kan wys nie. Die man alleen kan net een helfte van God verteenwoordig en die vrou ook. Maar saam word God verkondig!

Nou ja, hoekom het God die vrou gemaak? Beslis nie om die man se slaaf te wees, om as die swakkere in liggaamskrag misbruik te word nie, om as minder geag te word nie – veel eerder om as gelyke met eiesoortige rol deel te wees van die span wat God se tuin bewerk. Die vrou is gemaak, aldus die Skrif, om die mensheid af te rond tot ’n volheid in doel. Die vrou help die man as sy gelyke, maar eweneens help die man die vrou as haar gelyke. Beide man en vrou is onmisbaar vir mekaar en vir die skeppingsdoel.

Die vraag hoekom die man gemaak is, behoort eintlik meer gevra te word. Die antwoord is in beginsel dieselfde as by die vrou. Dus is daar geen spasie vir feminisme of chauvinisme nie, net vir die verskillende rolle wat elkeen moet vervul waarvan die gemeenskaplike faktor is om mekaar lief te hê soos hulle hul Skepper lief het. Dit is alles ineenvervleg!

- In erediens luister die gemeente na die slotlied Lied 510 in orrelspel – **Genade onbeskryflik groot.**

Seën: Die Here seën jou en is jou genadig en sal tot jou tot hulp wees sodat sy goedheid orals in jou gesien kan word.

Amen